

Die Bloemleser as Kanoniseerder

H.P. van Collier

Inleidende opmerkings

D.J. Opperman was nie net een van die belangrikste Afrikaanse digters nie, maar ook een van die belangrikste kanoniseerders binne die Afrikaanse letterkunde. Daarom mag dit na heiligskenis klink om juis in 'n D.J. Opperman-gedenklesing begrippe soos "letterkunde" en "kanon" krities onder die loep te neem. Te dikwels is in die verlede egter kritiekloos aanvaar dat "letterkunde" en "kanon" slaan op 'n korpus werke wat oor intrinsieke waarde beskik. Hierdie groep tekste is as't ware esteties afgeskerm en daar is nie altyd besef dat werke kanonieke status verwerf ook op grond van ander (byvoorbeeld ideologiese) oorwegings nie. Vandag eers word wyd aanvaar dat waarde nie 'n inherente eienskap van 'n objek is nie, maar direk verband hou met funksies en norme (vergelyk Herrstein-Smith, 1984).

'n Werkshipotese van die begrip **kanon** is dat dit 'n versameling tekste is wat op 'n bepaalde tydstip deur 'n bepaalde gemeenskap as waardevol en dus werd beskou word vir bewaring. Boonop funksioneer dit as verwysingspunt vir literêre uitings, oordele en die studie van literatuur (Mooij, 1985; Moerbeek, 1992; en Fokkema en Ibsch, 1992). Omdat kanons hul bewaringsaksie grond op waardes, is hul noodwendig normatief van aard (Altieri, 1990: 33). Die stryd wat veral in die VSA gewoed het oor die herstrukturering van leerplanne en uiteindelik oor die (didaktiese) kanon, was nie bloot 'n didaktiese aangeleentheid nie. Dit was eintlik 'n poging van veral Afro-Amerikane om hul eie geskiedenis en identiteit te herower (Lauter, 1991: 145).

Om die werk en lewens van minderheidsgroepe in die kurrikulum in te sluit, was om aan hul 'n teenwoordigheid te gee in opvoedkundige instellings. Hul toetrede

¹ Hiermee word dank betuig aan prof. J.C. Steyn en dr. Bernard Odendaal en George Waideman vir hul kritiese lees van die lesing en aan prof. Philip Nel en Klaus von Delft vir die beskikbaarstelling van literatuur oor hul onderskeie vakgebiede, ook aan mev. E. van der Walt (NALN) vir beskikbaarstelling van materiaal en aan mev. T. Haupt vir die finale druk van die manuskrip.

tot die literêre (didaktiese) kanon was terselfdertyd 'n verowering van 'n magsbasis, wat verreikende gevolge gehad het vir die posisie van minderhede op veral tersiêre instellings.

Veranderinge aan die didaktiese kanon het dikwels gesentreer rondom bloemlesings vanweë die sentrale posisie wat hul inneem in enige literêre kurrikulum. Weens geld- en tydsbeperkings word dikwels gebruik gemaak van versamelings (korter) tekste in die onderrig van letterkunde. In die VSA het die debat betreffende die saamstel van bloemlesings veral gehandel oor twee moeilik versoenbare uitgangspunte: dié van representatieweiteit aan die een kant en dié van estetiese oorwegings (die "beste") aan die ander kant (Lauter, 1991: 103). In wat volg, sal hierdie twee uitgangspunte voortdurend ter sprake wees. Miskien is dit goed om Lauter (1991: 107) se woorde soos die draad van Ariadne in die hand te hou: "Standards of literary merit are not absolute but contingent. They depend, among other considerations, upon the relative value we place on form and feeling in literary expression as well as on culturally different conceptions of form and function. Thus, in seeking to teach 'the best' – as we should – of the various literatures that constitute our national culture, we need constantly to reexamine our cultural yardstick."

Omskrywing van die begrip bloemlesing

Volgens Aucamp (1993: 41) hou die begrip *bloemlesing* of *antologie* – van *anthologia*, saamgestel uit *anthos* (blom) en *-logia*, (afgelei van *lego* = kies) – verband met die woord *versamel*. Na oorweging van al die definisies wat hy geraadpleeg het, kom Aucamp tot die gevolgtrekking dat 'n bloemlesing "n versameling van die 'blomme', d.w.s. die beste van een of meer skrywers verteenwoordig." (vergelyk ook Whittemore, 1997: 10).

Conderearts (1985: 392) se breed-opgesette ondersoek na bloemlesings, bring hom tot die volgende besef: "Sommige bloemlezings verwerpen selfs elk streven naar kwaliteit." Daarom kies hy vir 'n ruim definisie: "Een bloemlezing (of antologie) = een (niet) willekeurige verzameling van gedichten uit het werk van meerdere schrijvers." Van Gorp (1991: 21) se definisie is selfs nog ruimer. 'n Bloemlesing is volgens hom 'n versameling fragmente uit (literêre) werk(e) van

een of meer outeur. Die gekose fragmente bied 'n oorsig van 'n periode, 'n genre, 'n ontwikkeling in die literatuur, en so meer.

'n Mens kan derhalwe aflei dat "bloemlesing" en "versameling" dikwels in die literatuur as sinonieme hanteer word, hoewel Kannemeyer (1998: 14) 'n duidelike onderskeid daartussen maak en die samestellers van *Poskaarte* verwyt dat hulle "foutiewelik van ander bloemlesings as versamelbundels praat". Vermoedelik heg hy veral waarde aan die attribuut "voortreflik, die beste, mooi" as onderskeidende kenmerk.

Uit hierdie tentatiewe definisies blyk dat 'n bloemlesing literatuur beskikbaar stel wat andersyds verspreid en dikwels moeilik bekombaar is en daarom veral in literatuuronderrig 'n onontbeerlike hulpmiddel is. 'n Bloemleser se keuse berus op literêr-historiese en literêr-teoretiese uitgangspunte; word dikwels gesien as kultuuragent (Wright, 1996) en as verkapte literatuurgeskiedenis.

Bloemlesings verskraal helaas altyd die oorspronklike konteks deur hul dekontekstualiserende werking en verander derhalwe ook die oorspronklike funksies van die tekste. Die samesteller(s) van bloemlesings skep in feite 'n nuwe konteks waarin tekste nuwe verbande met mekaar aangaan. Kopieregweierings kan dikwels ook tot gevolg hê dat 'n vertekende beeld van 'n bepaalde historiese tydperk gegee word (vergelyk Hauptfleisch, 1996: 116 en Grové, 1997: 10).

Bloemlesings vorm literêre smaak, soos Komrij ook in sy kwasi-outobiografie, *Verwoest Arcadië*, getuig (Zuiderent, 1990: 23-24). Bloemlesings "maak" ook literatuur (Conderearts, 1985: 393) in die sin dat dit 'n bewaringsaksie is waardeur reputasies nie net gevestig word nie, maar ook op durende wyse in stand gehou word – *Groot Verseboek* verteenwoordig vir geslagte studente die Afrikaanse poësie.

Wat daardeur ook in stand gehou word, is die literatuuropvatting(s) en ideologie wat so 'n keuse onderlê (vergelyk Willemse, 1999). Soms is die versweë doelwit van bloemlesings om die "minder opgevoede klasse" bloot te stel aan 'n nasionale literêre tradisie om juis daardeur ook 'n bepaalde estetika en ideologie te stut (sien ook Wright, 1996: 359). Deur die bestudering van bloemlesings, en

veral deur konsentrasie op in- en uitsluitings, kan byvoorbeeld afgelei word hoe bepaalde groepe (soos vrouens en mense van kleur) gemarginaliseer is en hoe beeldvorming aangaande sulke groepe geskied het binne die literatuursisteem (Pace, 1992; Spies, 1999). Uit Stephen Gray (1991) se verslag van sy rol as bloemleser blyk dat hierdie aktiwiteit 'n makabere magospel kan raak waarin literêre oorwegings dikwels ondergeskik raak aan ekonomiese, politieke en persoonlike belange.

Bloemlesings - herkoms

Die vroegste bloemlesings is versamelings van Griekse epigramme. Sedert die Renaissance verskyn daar heelwat bloemlesings in die volkstale. Wanneer tekste van verskillende outeurs versamel en gebundel word met die oog op gebruik in die onderwys, praat mens van *chrestomathie* (aldus Van Gorp, 1991: 21).

Ook Whittemore (1997: 10) (uitgaande van die *Encyclopaedia Britannica*, 1909) beweer dat die digter Meleager die eerste bloemlesing saamgestel het toe hy 'n honderd van sy eie epigrammatiese gedigte in 60 v.C. versamel het.

Die idee om lyste op te stel van die beste skrywers in 'n bepaalde genre, soos die *Nege (beste) Liriese Digtters*, is deur Romeinse skrywers toegeskryf aan Alexandrynse geleerdes, veral Aristarchus en Aristophanes van Bizantium. Baie energie is gewy aan die bewaring, klassifisering en eksegetiese van vroeëre literatuur. Die skrywers wat "ingesluit" is in die lysste het 'n veel beter kans gehad om in die bewussyn van nageslagte te oorleef as diegene wat uitgesluit is, bloot omdat hul werk voortdurend bestudeer en gekopieer is. Hierdie sogenaamde "beste" werke het ook die basis gevorm van die opvoedkundige sisteem in die laat klassieke tydperk (*The Classical Oxford Dictionary*, 1966: 286).

Hoewel die maak van bloemlesings, as een van die belangrikste kanoniserende handelinge, dus gewoonlik teruggevoer word tot die Romeine en die Grieke voor hulle, is dit veel ouer. Dit is veral die ontdekking van verskeie antieke biblioteke, met groot versamelings kleitablette, en die gepaardgaande besef van die Assiriese literêre rykdomme, wat 'n belangrike nuansering gebring het.

Alle geskrewe dokumente binne die dissipline Assiologie kom vanuit twee tradisies en reflekteer twee totaal verskillende agtergronde. Daar is eerstens die sogenaamde "stream-of-tradition" (Oppenheim, 1977: 13), die korpus literêre tekste wat lewend gehou is deur opeenvolgende geslagte skribente. Laasgenoemde was oorskrywers en voorlopers van die Middelleeuse monnikke, wat handskrifte gekopieer en sodoende ook gekanoniseer het. Tweedens kry ons verslae van dag-tot-dag aktiwiteite, verwant aan die Nederlandse *dagregisters*.

Vir meer as tweeduisend jaar is tekste sorgvuldig oorgeskryf as 'n metode om 'n tradisie intak te hou. Kulturele bestending - soos die maak van bloemlesings - vorm dikwels die basis van ander, laterhistoriografiese weergawes van 'n bepaalde kultuur.

Hoe langer 'n skribent opgelei is, hoe meer tekste het hy oorgeskryf, veral indien hy in 'n groter stad gewerk het waar die opleiding lank en deeglik was. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat 'n groot aantal privaatsamelings ontstaan het wat elkeen 'n kleiner of groter deel van die "stroom van tradisie" bevat het, telkens gebaseer op bepaalde voorkeure van die opdraggever. Hier sien ons in feite al die eerste "bloemlesings" tot stand kom op grond van bepaalde persoonlike en ideologiese voorkeure van die samesteller daarvan.

Hoewel "literêre" tekste nie die grootste gedeelte uitmaak van die versamelings nie, tel die literêre tekste wat behoue gebly het ongeveer 1500 tablette. In omvang is dit veel meer as die Rigveda en die Homeriese epiese werke en die Ou en Nuwe Testamente saam! (Oppenheim, 1977: 17). Wat besonder belangrik is, is dat hierdie tekste dikwels op 'n bepaalde tydstop vasgelê word. Hierdie standaardisering het tot gevolg gehad dat die oorspronklike inhoud (en selfs uitgediende tekstmateriaal wat andersins beslis sou verdwyn) behoue gebly het. Hierdie "kanon" wat so behoue gebly het, toon nie net aan wat destyds as literatuur beskou is nie, maar konfronteer ook kontemporêre literatuuropvattinge.

Wat uit die voorafgaande blyk, is dat die kanon meestal slegs selekteer uit die hoofstroom en dat die ander, "meer populêre" tradisie met die verloop van tyd in bykans alle literature verlore gaan. Enige bloemlesingspraktiek het hierdie selfde voor- en nadele: dit selekteer sogenaamd die "beste" en mees

"verteenvoordigende" tekste en bewaar dit sodoende as (enigste) kulturele erfenis.

Tog moet ek dit liefds anders stel: dit is nie die kanon wat selekteer nie; daar is altyd agente, figure in die "littéraire circuit" wat deel het aan die siftingsproses - skrywers, tydskrifredaksies, uitgewers en kritici. Hierdie prosesse van seleksie, klassifisering, hiërgargisering en kanoniserings bepaal beeldvorming. In literatuurgeskiedenis "vernemen we doorgaans weinig van deze processen; we krijgen alleen de resultaten ervan te zien" (Van den Akker en Dorleijn, 1996: 2). Dit sou korrek wees om te sê dat bloemlesings slegs die resultate weergee van hierdie proses, wat soms heel grilloos kan verloop - die stryd om literêre wins kan op selfsugtige en meedoënlose wyse gevoer word.

Literêre sisteme; die literêre veld

Sisteme teoretiese modelle het 'n sentrale plek verwerf in eietydse literatuurstudie en kan gewoonlik teruggevoer word tot drie tradisies: die formalisties-strukturellesies benadering van Itamar Even-Zohar, die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu en die konstruktivistiese variant van Siegfried J. Schmidt (Fokkema, 1997: 177). Dan verdien Nicholas Luhman se kommunikatiewe model ook vermelding. Hoewel al hierdie modelle heuristiese waarde het, het hulle dit in verskillende kontekste en toon al drie bepaalde gebreke.

Wat die sisteemteorie ons volgens Fokkema behoort te vertel, is hoe 'n bepaalde sisteem onderskeibaar is van sy omgewing, hoe om funksies van 'n sisteem te ondersoek in verhouding tot sy omgewing en hoe om die onderskeidende elemente van 'n sisteem te ondersoek (insluitende die wedyersydse verhoudings tussen die elemente). Een van die bruikbaarste insigte van die sisteemteoretici, naamlik dat die literêre "veld" of sisteem beskryfbaar is deur die metafoor van 'n mark gekenmerk deur 'n stryd om kapitaal of institusionele mag, word nietemin deur Fokkema (1997) afgemaak as reduksionalisties.

Indien die sisteemteorie benut wil word vir navorsing, is dit nuttig om op eklektiese wyse elemente uit die verskillende modelle te neem. Luhmann konsentreer eerder op sosiaal bepaalde kommunikasies as op individue; Schmidt, daarenteen, sien definitiewe rolle vir individue as agente in die literêre sisteem

(vergelyk ook Barnard, 1998); en Bourdieu is bekend vir sy "veldteorie" (vergelyk hieroor veral Van Rees, 1985; Van Rees en Dorleijn, 1994; en Dorleijn, 1996). Veral Bourdieu se veldteorie speel 'n belangrike rol in literatuurnavorsing in Nederland, waar dit ten spyte van kritiek (deur onder andere Heynders, 1995), die amptelik aanvaarde teoretiese model is waarvolgens navorsing wat op ondersteuning deur die NWO wil aanspraak maak, moet geskied.

Bourdieu se werk is al gekarakteriseer as radikale kontekstualisering. Die fokus val nie net op literêre werke en teksprodusente binne die literêre veld nie. Dit impliseer ook 'n analise van die struktuur van die veld waartydens gekyk word na die posisies wat ingeneem word deur produsente (byvoorbeeld skrywers) en hekwagters (uitgewers, kritici), asook na die plek wat die veld inneem binne 'n groter magsveld. Om literêre werke na behore te begryp, moet hulle geplaas word in die sisteem van sosiale verhoudings wat hul onderhou.

Volgens Bourdieu is die literêre veld gestruktureer deur die verspreiding van beskikbare posisies (byvoorbeeld die gevestigde kunstenaar versus die opkomende kunstenaar) en dit impliseer 'n voortdurende stryd. So sou die stryd tussen Van Wyk Louw en die Dertigers aan die een kant, en Pienaar en Malherbe aan die ander kant, deur Bourdieu nie beskryf word in persoonlike terme nie, maar as posisie-innames binne die literêre veld (Johnson, 1993: 17). Die dinamiek van veranderinge in die literêre veld kan goed geïllustreer word aan die hand van aanpassings van die literêre kanon: "The establishment of a canon in the guise of a universally valued cultural inheritance or patrimony constitutes an act of 'symbolic violence', as Bourdieu defines the term, in that it gains legitimacy by misrecognizing the underlying power relations which serve, in part, to guarantee the continued reproduction of the legitimacy of those who produce the canon" (Johnson, 1993: 20).

Die maak van bloemlesings sou hiervolgens die aktiwiteit wees van 'n individu (agent) wat teen die agtergrond van bepaalde opvattinge (wat byvoorbeeld bestaan oor genres en periodes) handelend optree om reputasies te vestig: "De bloemlezer stelt een daad die een ideale ordening vormgeeft: schrijver A mag erin, maar slechts met één gedicht, schrijver B krijgt het maximale aantal, maar auteur C wordt niet opgenomen" (Dorleijn, 1996: 52). Vanselfsprekend funksioneer hierdie daad as "provokasie" en veroorsaak dit 'n debat wat (volgens

Dorleijn, 1996: 52) literatuuropvatting ter diskussie stel omdat die opname en die omvang van gedigte in bloemlesings (en die plek van digters in literatuurgeskiedenis) gewoonlik geleëtiemeer word deur middel van literaturopvattinge.

Waar digters self bloemlesers is, beteken dit dat hulle op 'n verdubbeldende wyse kanoniserend optree (vergelyk ook Van Coller, 1994). Hul keuse is nie net 'n illustrasie van hulle eie literaturopvattinge nie; in feite is dit ook legitiemeering van hul eie interne poëtika. Deur hul bloemlesings legitiemeer hulle dikwels ook indirek hulself as digters. Omdat die maak van bloemlesings eintlik "n soort kritiek is", het Van Wyk Louw byvoorbeeld krities gestaan teenoor persone wat keuses uit hulle eie werk saamstel (Steyn, 1998b: 894). Komrij se voorkeur vir die "lichte, het bizarre, het ontregelende" soos wat dit in sy eie poësie voorkom, word ook weerspieël in sy eie bloemlesing-samestellings (Zuiderent, 1990: 25). Die Amerikaanse digter-bloemleser Kenneth Koch is nog so 'n sprekende voorbeeld van 'n digter-bloemleser wat sentrale aspekte van sy eie poëtika gebruik as seleksiekriteria (vergelyk De Moor, 1989: 397).

In die Afrikaanse literatuur is D.J. Opperman en N.P. van Wyk Louw sprekende voorbeelde van digter-bloemlesers. *Groot verseboek* word allerweë beskou as een van die beste versamelings Afrikaanse gedigte, maar dit legitiemeer ook 'n bepaalde poëtika wat Opperman by herhaling gestel het (vergelyk Grové, 1989: 2; Botha, 1995: 3; en veral Ohlhoff, 1999: 139). Hoofelemente hiervan is die opvatting dat die kunstenaar nie moet "onthul" nie, maar dat emosies "verhul" moet word, indirek weergegee moet word à la Nijhoff, Yeats en Eliot (Opperman, 1959: 147); dat eksegese liefes nie binne 'n kunswerk behoort te geskied nie (Opperman, 1974: 74); dat poësie moet voldoen aan die eis van strukturele integrasie wat die "verantwoording" van elke poëtiese element en die verwikkeldheid van die gedig" as uitvloeisel het (Willemse, 1999: 6). Willemse (1999:6) toon aan dat hierdie eise (gepaardgaande met bepaalde ideologiese voorkeure) ook in die gedigkeuse van *Groot verseboek* gereflekteer word.

In die bloemlesing wat Louw self saamstel, *Treknet*, en die bloemlesingagtige platereeks *Klank in poësie* (vergelyk ook Van Coller, 1994: 18/19) wyk die gedigkeuses in bepaalde gevalle opvallend af van dié van Opperman. Veral word die sogenaamde "volkspoësie", soos dit uiting vind in volksympies en in die

poësie van byvoorbeeld Abraham Fouché, gerehabiliteer. Wanneer Louw se eie poëtikale uitlatings van daardie tyd beskou word (veral sy klem op die belang van volkspoësie en die verband tussen eksperimentele poësie en volkspoësie (vergelyk Van Coller, 1994: 21), is dit duidelik dat sy keuses in die bloemlesings 'n bewuste posisie-inname is om sy eie poëtika te onderskraag en te kanoniseer.

Bloemlesings as literêre strategie

Dorleijn (1996) gee 'n boeiende uiteensetting van Paul van Ostaijen se bloemlesing-lotgevalle. Veral belangrik is die wyse waarop aangetoon word hoe die bloemleser, Dirk Coster in vier opeenvolgende uitgawes van sy invloedryke bloemlesing, *Nieuwe geluiden*, telkens sy nuwe keuse uit Van Ostaijen se digwerk, motiveer.

Hierdie nuwe keuses (vergelyk Dorleijn, 1996: 67-68) is nie primêr vanweë 'n veranderende oordeel nie, maar 'n direkte gevolg van veranderinge in die "literêre veld". Soos Van Ostaijen se reputasie gegroei het, sô is die keuse uit sy poësie deur Coster aangepas. Wat egter intakt bly, is die onderliggende "poëtikaal-levensbeskouelike visie" van Coster (Dorleijn, 1996: 67-68). Coster se "aanpassings" is derhalwe strategiese posisieveranderinge binne die dinamiek van die literêre veld; hy pretendeer dat sy seleksiekriteria onveranderd gebly het, maar pas dit inderwaarheid aan.

Die bekende polemieë tussen Opperman en Van Wyk Louw oor A.G. Visser en die aard van sy digterskap (vergelyk Opperman, 1974: 8-18; Kannemeyer, 1990: 275; Steyn, 1998b: 874) is 'n soortgelyke geval. In die eerste uitgawe van *Groot Verseboek* word vier gedigte van Visser opgeneem ("Die roos", "Die swarte osse", "Toe die wêreld nog jonk was" en "In die Sondagskool"). Na die polemieë waarin deur Louw aangevoer is dat Visser se waarde lê in sy vernufpoësie, word die keuse aangepas. In die tweede uitgawe kry Visser tien gedigte waarvan die oorgrote meerderheid vernufpoësie is. Hierdie keuse word tot in die laaste (negende uitgawe) gehandhaaf.

Hoeseer Opperman dalk gelyk moet kry in sy aandrang dat hy self tot 'n ander waardebeoordeling van Visser gekom het, is dit onwaarskynlik dat sy nuwe,

uitgebreide keuse totaal onafhanklik was van 'n beeldvormingsproses in die literêre veld, waardeur 'n bepaalde soort poësie – vernuftiger, spottender en volkser – en die verteenwoordiger daarvan (naamlik Visser) gerehabiliteer is. In die tydperk na die eerste publikasie van *Groot Verseboek* verskyn Van Wyk Louw se "Klipwerk", Boerneef se *Krokos* (1958) en *Ghaap en Kambro* (1959) asook Blum se eerste twee bundels wat almal trekke vertoon van hierdie ander aanslag.

'n Volgende soortgelyke geval is Opperman se keuse uit die werk van J.C. Steyn. In die agtste uitgawe van *Groot verseboek* (1980) verskyn vier gedigte van Steyn. Daarteenoor word sewe gedigte in die negende uitgawe van 1983 opgeneem – 'n keuse wat, volgens Brink se mededeling in die verantwoording, deur Opperman gedoen is. Gesien Steyn se groeiende reputasie in die literêre veld, lyk dit asof dit 'n strategiese aanpassing deur Opperman verteenwoordig. Ohlhoff (1995: 45) gee ook nog duidelike voorbeelde van strategiese verskuiwings deur Opperman in *Groot Verseboek* ten opsigte van Leipoldt, Stockenström en Cussons.

Digters as bloemlesers

Van bloemlesers (en vanweë praktiese oorwegings gaan ek my in die res van hierdie studie veral bepaal by poësiebloemlesings) word, benewens 'n bykans onberispelike literêre inskatting van gehalte, ook diepgaande kennis van die betrokke literatuur – diachronies én sinchronies – verwag. Miskien is dit vanweë dié hoë eise dat digters skynbaar nie veel erg aan bloemlesers het nie, veral as hulle min vertrou in die samestellers se literêre vermoëns het. N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw se korrespondensie hieroor is welbekend asook Van Wyk Louw se weiering van kopiëring in die geval van die bloemlesings deur onderskeidelik Tj. Buning en E.C. Pienaar (Kannemeyer, 1990: 98).

Ernst van Heerden se gedig "Die ekster" (uit *Teenstrydige liedere*) is 'n venynige aanval op die bloemleser wat "blomme (kies) vir 'n ruiker-pand". Die aanval sit veral verskuil in die slot: "En ryk die loon vir hom wat hom wat leen/ belese wel, maar tog 'n kween." Waarskynlik waan digters hul van oudsher as die beste toegerus vir die taak van bloemleser. Selfs die kritiese Van Wyk Louw het meegewerk aan bloemlesings soos *Tussen die engtes* (1940) en *Treknet* (1966).

Die bekendste omvattende literatuur-historiese poësiebloemlesings in Afrikaans is trouens deur Afrikaanse digters saamgestel. Uit die vorige eeu is veral F.W. Reitz se 1888-uitgawe bekend, wat hy pertinent as "verzameling" (Reitz, 1888: Voorwoord) aanduid. Interessant genoeg noem Kannemeyer (1978: 61) hom ons "eerste bloemleser"! Daarna is veral bekend D.J. Opperman se *Groot Verseboek*, Van Wyk Louw (en Ernst Lindenbergh) se *Treknet*, Johan van Wyk (saam met P. Conradie en N. Constandaras) se *S.A. in Poësie / S.A. in Poëty* en Ronel Foster-De Goede (en Louise Viljoen) se *Poskaarte*. Ook wat temitiese bloemlesings betref, is digters prominent.

'n Mens dink hier aan talle temitiese bloemlesings rondom onderwerpe so uiteenlopend soos *drank* (Daniël Hugo en Etienne van Heerden se *Miskien sal ek die wingerd prys*), *kinders* (Johann Juhl en Rika Preller se *Bloeytyd. Verse vir kinders*), die *liefde* (Fanie Olivier se *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte*), "*lyflike liefde*" (Johann de Lange en Antjie Krog se *Die dye trek die dye aan*), die *omgewing* (Johann Lodewyk Marais en die Nederlandse digter, Ad Zuiderent se *Ons klein en silwerige planeet*) en Lina Spies se *Sy sien webbe roer*, "n keuse uit die werk van Afrikaanse digteresse" – om maar net enkeles te noem.

Dit is nie slegs in Suid-Afrika waar digters uit verskillende periodes as belangrike bloemlesers opgetree het nie. Die bekendste Nederlandse bloemleser is waarskynlik die digter Gerrit Komrij (1979) met sy versameling *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten*. Boonop het talle ander Nederlandstalige digters – so uiteenlopend soos Albert Verwey, Simon Vinkenoog, Sybren Polet, Hans Warren, Eddy van Vliet, Ton van Deel, Willem van Toorn en Ad Zuiderent (vergelyk Zuiderent, 1990: 23 - 40) – opgetree as samestellers van bloemlesings.

In die Duitse literatuur is Heinz Piontek, Kurt Pinthus en H.M. Enzensberger bekende voorbeelde. Name soos Mallory, Pound (vergelyk De Vos, 1995:20), Auden en meer reserent Richard Ellmann en Robert Clare (vergelyk Whitmore, 1997: 19) laat duidelik blyk dat dit ook in die Engelse literatuur die geval is. Onderzoek sou waarskynlik laat blyk dat die (implisiete) literatuuropvatting onderliggend aan hierdie bloemlesings telkens keuses bepaal het. Vir ywerige navorsers is daar nog genoeg werk om te doen.

Verklarings vir hierdie opmerkbare verskynsel is daar wel. Omdat digters self nie kwene is nie en by wyse van spreke self 'n eier kan lê, dink hulle dikwels dat hulle die beste beoordelaars van die smaak daarvan sou wees. Oorgesetzijnde: digters, as kenners van die poësie en die ontwikkelingsgang daarvan in 'n bepaalde taalgebied, sou intuitief weet waar die poëtiese hoogtepunte te vinde is – so is waarskynlik die veronderstelling. 'n Ander waarskynliker verklaring het te make met digters se strewe na sentrale posisie-innames binne die literêre veld.

Bloemlesings: 'n voorlopige tipologie

Conderaerts (1985) probeer om 'n klassifikasie-model vir bloemlesings op te stel aan die hand van die bekende (stimulus- en respons-)model van kommunikasie: sender-boodskap-ontvanger. Bloemlesings word hiervolgens ingedeel volgens die *sender* (met onderskeidings soos onder andere ouderdom, geslag en geografiese gebied); *ontvanger* of *leser* (met onderskeidings soos kinders, skoliere, studente, ens.) en ten slotte die *boodskap* of *die gedigte* self (deur indelings te volg soos temas, gedigsoorte en die tydperke en tydskrifte waarin gepubliseer is).

Na my gevoel bied dit 'n nuttige vertrekpunt vir 'n tentatiewe tipologie van bepaalde kategorieë wat wedersyds uitsluitend is. As basiese uitgangspunt kan gestel word dat die samestelling van alle bloemlesings as kanonvormende handeling direkte verband hou met die kanon of met bepaalde kanons (soos die didaktiese kanon). Bloemlesings kan derhalwe (die) bestaande kanon(s) aanval of uitbrei; dit stabiliseer, bevestig, legitimeer of populariseer. Laastens kan die kanon (terugskouend) ge(re)konstrueer of geïnterpreteer word. Hierdie drie basiese handelinge is dus toekoms-, hede- of verlede-gerig.

Bloemlesings soos *Brekf's met vier* (waarmee Daniel Hugo, Etienne van Heerden, André le Roux du Toit en Peter Snyders in 1981 debuteer) en Paul Rodenko se *Nieuwe griffels schone leien* (waarmee "de poëzie der avantgarde" in 1954 bekendgestel is) was duidelik bedoel om nuwe digters en/of 'n nuwe soort poësie aan lesers bekend te stel. Dit is trouens ook die geval met letterlik duisende bloemlesings met poësie van debutante, vrouedigters, gay- of lesbiese verse, ensovoorts.

Hierdie (programmatiese of ideologiese) bloemlesings het een aspek gemeen (hoewel hul seleksiekriteria telkens radikaal verskil): die strewe om die kanon binne te dring, te konfronteer, aan te vul of te vervang. 'n Interessante strategie van digters is om bloemlesings saam te stel uit ander tale (of tydperke) om daardeur juis ruimte te skep vir 'n sekere soort poësie in die bestaande kanon. Van Wyk Louw se medewerking aan die Marsman-bloemlesing (1943), Pinthuis se 1920-bloemlesing oor die Expressionisme, Piontek (1972) se versameling (en veral die Kollektivausgabe, *Agitprop* (s.d.)) asook *Apporteerverse no 1 - 'n bloemlesing* (1999) is almal sprekende voorbeelde hiervan.

Kenmerkend van bloemlesings wat onder hierdie rubriek tuis behoort, is dat hulle dikwels vergesel is van 'n (uitvoerige) inleiding of ander "eksterne", begeleidende teksstrategieë soos foto's, opvallende omslae, ensovoort. Hierdie versamelings verskyn ook gewoonlik by klein uitgewerpe wat dikwels slegs "marginale" literatuur (soos gay- of lesbiese literatuur) publiseer en by geleentheid ook slegs een uitgawe tot hul krediet het. Carole Boyce Davies (1994: 199-221) bied hiervan 'n boeiende oorsig. Sodanige bloemlesings verskyn dikwels as kollektiewe uitgawes sonder samestellers.

Waar daar wel samestellers is, is samestellers dikwels (gemarginaliseerde) figure met 'n sterk belang by hierdie aanval op die kanon. *Apporteerverse* verskyn by BENT-uitgewers met 'n aantal foto's van die medewerkers en 'n polemiese inleiding deur Peter Snyders. Op die blakerskrif staan 'n programmatiese verklaring deur Johann de Jager (wat ook as die samesteller opgetree het) waarin lesers aangemoedig word om die woord "Bent" ("groep van kunstenaars") in die H.A.T. op te soek. Gesien De Jager se behoudende politieke ideologie soos dit na vore kom in sy tydskrif *Komsat* (gepubliseer sedert 1992), is die voorwoord van Peter Snyders (wat ideologies baie van De Jager verskil) op die eerste sig vreemd. Waarskynlik het hul gemene grond met hul afkeer van die Groot Afrikaanse Letterkunde ("GAL").

Stabilisering van die kanon vind ons gewoonlik in tematiese bloemlesings met "die beste" as sub-titel. Hierdie versamelings mag nuwe verse (of digters) na vore bring en probeer om die kanon binne te dring, maar is meer dikwels 'n keuse uit die bestaande kanon of "deelkanons", soos vernufspoësie, limerieke,

ensovoorts. Lina Spies se bloemlesing, *Sy sien webbe roer*, is 'n tipiese voorbeeld: dit is "stabilisering" van 'n bepaalde deelkanon deur 'n gevestigde digter-literator en verskyn by 'n gevestigde uitgewer.

Bloemlesings se funksies kan ook met verloop van tyd verander. *Nieuwe griffels* *schone leien* sou vandag bykans vyftig jaar na die eerste verskynning daarvan as aanval op die destydse kanon, eerder gelees word as 'n versameling wat die kanon stabiliseer. Popularisering van die kanon tref ons veral aan in bloemlesings wat gemik is op spesifieke groepe lesers, waardeur die kanon dikwels ook toegankliker gemaak word. Bloemlesings wat hieronder ressorteer, verskyn meestal by gevestigde uitgewers, saamgestel deur persone wat 'n gevestigde reputasie het.

'n Derde groep is bloemlesings wat die kanon retrospektief (re)konstrueer of interpreteer, tipes van die literêr-historiese bloemlesing. Weer eens kan sodanige bloemlesings saamgestel word op grond van verskillende kriteria (digters, periodes, genres), maar die gemeenskaplike eienskap is dat hulle telkens 'n eietydse perspektief op die verlede bied. Die bekende versamelings van Komrij, Opperman en die Norton-uitgawes hoort hier tuis. Hoewel hierdie bloemlesings altyd 'n konstruksie is van die verlede, beteken *rekonstruksie* 'n relatief nuwe weergawe van 'n bepaalde historiese tydperk. Paula B. Bennett se bloemlesing van 1997, *Nineteenth-Century American Poets: An Anthology*, kan as voorbeeld van laasgenoemde geld, omdat dit deur die revolusionêre keuse van gedigte 'n totaal nuwe blik bied op 'n bepaalde tydperk. Sodanige bloemlesings toon bepaalde ooreenkomste met die eersgenoemde kategorie omdat dit in bepaalde gevalle ook 'n aanval op die gevestigde kanon behels, hoewel dan retrospektief.

Indien hierdie onderskeidinge nou gepaar word met Conderaerts se voorstelle, kan bloemlesings telkens netjies geklassifiseer word. 'n Bepaalde bloemlesing, soos *Brekf's met vier*, is dan 'n bloemlesing wat op toekomsgerigte wyse die kanon wil binnedring en sendergerig is omdat dit die byeenbring van vier (gelykgestemde?) jong, manlike digters verteenwoordig. *Poskaarte* val in die tweede kategorie (boodskapgerig) en is veral rekonstruksie van die kanon omdat dit as literêr-historiese bloemlesing 'n bepaalde tydvak herinterpreteer. Word so 'n herinterpretasie radikaal (soos in die geval van Paula B. Bennett se

bloemlesing), hoort dit eintlik al tuis by die eerste kategorie, naamlik "aanval op of uitbreiding van die kanon". Lina Spies se bloemlesing is 'n stabiliserende bloemlesing, sendergerig en tematies ingeperk. So 'n tipologie is veral handig as beskrywingsmodel. Tog kan dit, naas die funksie as klassifiseringsmiddel, van besondere heuristiese waarde wees en moontlik selfs evaluerend funksioneer.

Afrikaanse poësiebloemlesings -- 'n kort oorsig

Volgens Kannemeyer (1978: 61) is F.W. Reitz ons "eerste bloemleser" met die uitgawe *Vyftig uitgesogte Afrikaanse gedigte* in 1888. Hierdie uitgawe verskyn daarna nog twee keer (in 1897 en 1909); telkens in uitgebreide vorm, en moes baie gewild gewees het, daar dit selfs 'n vierde en vyfde druk beleef. Reitz se versameling word vergesel van 'n kort voorwoord, waaruit duidelik blyk dat hy met hierdie vyftig gedigte mense wil oortuig dat Afrikaans meer is as net "maar Kombuis- of Hothots-taal". Die gedigte is 'n keuse uit die gedigte wat Reitz gelees het in koerante en tydskrifte en daarom verskyn baie sonder outeursname daarby (vergelyk ook Burger, 1978: 99).

Anders as wat Kannemeyer egter beweer, is die eerste Afrikaanse bloemlesing 'n versameling van tien jaar vroeër as dié van Reitz. *Afrikaanse gedigte* (*Eerste versameling*) verskyn in 1878 by D.F. du Toit & Co. 'n Tweede versameling verskyn in 1881 en 'n derde tot sewende versameling agtereenvolgens in 1882, 1883, 1885, 1889 en 1901. Daarna verskyn *Afrikaanse Gedigte, byeenversameld uit wat in di laaste 30 jaar ferskyn is, 1876 - 1906*. Pfeiffer (1987: 1) is skynbaar onseker oor wie die samesteller was, want hy haal Kannemeyer (1978: 56) aan wat beweer dat dit S.J. du Toit was. Die samesteller was egter "Oom Jan wat versies maak" (C.P. Hoogenhout), soos ook blyk uit Nienaber (1951: 117).

'n Ander bloemlesing wat ook voor dié van Reitz verskyn, is *Klaas Gezwint en zijn paert and other Songs and Rijmpjes of South Africa* (1984), waarskynlik versamel deur J. Noble. Hierdie versameling van Engelse en Afrikaanse gedigte is 'n opvallende voorloper van die veel latere tweetalige bloemlesing S.A. in poësie / S.A. in Poetry (1988).

In sy oorsig van die "buite-kanonieke literatuur" beskou Willemse (1999) die bloemlesing van E.C. Pienaar, *Digters uit Suid-Afrika*, as een van die invloedrykste. Sy oordeel word reeds bevestig deur die publikasiegeskiedenis. Dit verskyn in 1917 onder die titel *Dichters uit Zuid-Afrika* en beleef in 1941 sy tiende "vermeerderde en hersiene druk" ten spyte daarvan dat "die jongste ontwikkeling van ons digkuns sedert omstreeks 1930" ongelukkig "om verskeie redes" (sic!) nie in die bloemlesing weerspieël word nie. Hierdie redes wat so half-terloops genoem word, word deeglik gedokumenteer deur Kannemeyer (1990: 61/2 en 98) en Steyn (1998: 205-207). In 1947 beleef hierdie versameling sy veertiende hersiene druk. Omdat die Dertigerpoësie so 'n sentrale plek ingeneem het binne die literêre veld, moes Pienaar die weglating nou motiveer. Volgens hom is dit 'n moderne rigting wat nie by die Tweede Beweging aansluit nie.

Op die spore van sy Afrikaanse voorgangers gaan dit ook in Pienaar se versameling nie primêr om die letterkunde per se nie, maar om die beeld wat hierdie verse bied van wat al bereik is in 'n jong taal, asook van 'n ontlukende Afrikaner-nasionalisme. Hierdie laasgenoemde criterium geld dan as belangrike maatstaf vir opname (Willemse, 1999: 5).

Vanweë die baanbrekerswerk van Gustav Preller (en later van G. Dekker) ontstaan daar 'n strengere Afrikaanse literêre kritiek waarin estetiese oorwegings dikwels belangriker geag word as suiwer nasionalistiese eise. Dit vind sy kulminasie in die Beweging van Dertig en veral Van Wyk Louw gee aan die nasionalisme 'n estetiese onderbou (vergelyk Steyn, 1998a: 151-177).

In Opperman se *Groot verseboek* (1951) staan estetiese oorwegings volgens hom sentraal. Waar hy sy keuse uit die werk van W.E.G. Louw verantwoord, sê hy onomwonde: "Die 'goeie' en die 'nuwe' word tog ook bepaal deur die gehalte van die vers – daarom is my uitgangspunt in die eerste plek die *estetiese* en die *historiese* is bloot sekondêr" (Kannemeyer, 1990: 292). In Van Wyk Louw se antwoord laat hy blyk dat geen literêr-historiese bloemlesing kan ontkom van die kultuur-historiese kyk nie. Hierdie twee opponerende sienings van die funksie van 'n bloemlesing speel later in die polemieë rondom *Poskaarte*, steeds 'n rol.

Opperman se kriteria het reeds eerder ter sprake gekom; Willemse (1999: 6) noem die eerste uitgawe van *Groot Verseboek* "n nasionalistiese daad: 'n poëtiese 'literatuurgeskiedenis' wat die kulturele wasdom van die Afrikaner dokumenteer", ook as gevolg van die feit dat dit histories saamval met belangrike gebeurtenisse in die vestiging van Afrikaner-nasionalisme as politieke instrument.

Dit staan buite kyf dat Opperman met *Groot verseboek* (en sy kleiner gesinslede) deur dekades die belangrikste kanoniseerder was van die Afrikaanse poësie, ten spyte van die konkurrensie van alternatiewe versamelings soos P.J. Nienaber se *Digters en digkuns* (eerste druk 1951) en Nienaber en Nienaber-Luitingh se *Digters en digsoorte* (1973). Selfs nie die lank verwagte *Treknet* (1966) van Van Wyk Louw en Ernst Lindenbergh vind groot byval by kritici nie (Steyn, 1998b: 1078). Tog kan die sukses van *Groot Verseboek* nie alleen toegeskryf word aan Opperman se status as digter en die gereelde voorskryf daarvan op universiteits-, onderwyskollege- en skoolvlak soos Willemse (1999: 7) te kenne gee nie.¹ 'n Belangrike rede vir die sukses van *Groot Verseboek* lê in Opperman se vermoë om 'n digterskap in te skat en te "tipeer" aan die hand van enkele verse.

Die verskyning van die "revisionistiese bloemlesing, *SA in poësie / SA in poetry*" (Willemse, 1999: 8) in 1988 vloei voort uit (en gee verdere stugrag aan) belangrike maatskaplike verskuiwings en 'n kritiese herbesinning oor die kanon onder Afrikaanstalige en Engelstalige literatoure (vergelyk onder andere Visser, 1989; Maughan-Brown, 1989 en Mzamane, 1989; Lindfors, 1992; en Coullie en Gibbon, 1996). In hierdie selfde tydsgewrig word verskeie Afrikaanstalige "little magazines" opgerig (onder andere *Donga*, *Graffier* en *Stet*) asook die belangrike Engelse literêre tydskrif *Staffrider* wat die eerste keer verskyn in 1978.

In al hierdie tydskrifte word die kanon (en alle instandhouders daarvan) in wisselende mate onder vuur geneem, veral uit ideologiese posisies wat radikaal verskil het van die toenmalige regering s'n. Veral *Staffrider* dryf verskillende literatuuropvattinge op die spits (vergelyk Maughan-Brown, 1989; en veral Visser, 1989) en word die belangrikste literêre uitdrukkingsmiddel van skrywers wat hul

¹ Breytenbach (1999) wys op 'n uiters bedenkbare praktyk wat verband gehou het met die uitgee van bloemlesings. Volgens hom was daar 'n neiging om "onbenullige" bundels uit te gee net om voorskryfbare bloemlesings te perpetueer. Hoewel digters nie veel hierby gebaat het nie, is algemene boeke vir jare gesubsidieer deur voorgekrewe boeke. Bloemlesings was een van die belangrikste komponente van die voorgeskrewe tekste.

geskaar het by die "Black Consciousness"-groepering. Tradisionele literêre waardetoekenning op grond van veral estetiese oorwegings word toenemend bevreemding. Literatuur, en veral poësie, word gesien as middel tot bevryding.

Opperman se *Groot verseboek* verskyn die laaste keer in 1983, bygewerk deur André P. Brink. Vanselfsprekend laat dit 'n groot hiaat, omdat min van die poësie van ná 1980 hierin opgeneem kon word. Hierdie leemte moes gevul word deur 'n nuwe bloemlesing. In antwoord op Hambidge (1996) se lamentasie oor die gebrek aan 'n nuwe bloemlesing, sê Lappies Labuschagne, die Hoofbestuurder van Tafelberg-Uitgewers dat hulle *Groot Verseboek* beslis nie sal laat verdwyn nie. Hy stel 'n bloemlesing (*Poskaarte*) in die vooruitsig wat in sy eie woorde in verband gesien moet word met die voortsetting ("voortbestaan") en uitbreiding van *Groot Verseboek*.

By die verskyning van *Poskaarte* in 1997 word dit in die persverklaring deur die uitgewer daarvan nie net bestempel as 'n "uitsonderlike en vernuwend bloemlesing nie", maar ook onomwonde as "aanvulling tot die *Groot Verseboek*" bestempel. In die "Inleiding" word ook gesê wat "tekskeuses betref, is daar geprobeer om nie met die Opperman-bundel te ooreenstem nie" (p.xxv). Die rede is voor-die-hand-liggend -- sodat hierdie keuse as "aanvullende" bloemlesing naas dié van Opperman voorgeskryf sou kon word. Dit is opvallend dat die twee samestellers hulle in 'n koerantonderhoud (*Die Burger*, 28 November 1997: 6) distansieer van Opperman se bloemlesing wat "die mooiste Afrikaanse gedigte probeer versamel" het, omdat "die maatstaf vir só iets" subjektief is. Hierdie standpunt word in die "Inleiding" (p.xxiv) herhaal.

By wyse slegs van spreke sou Opperman, Viljoen en Foster inderdaad nie alte rustig lê in dieselfde (literêre) bed nie. Daarvoor is die onderliggende teoretiese uitgangspunte van die twee bloemlesings, té verskillend. Opperman voelstaan vir bykans dertig jaar met 'n skraal inleidinkie, wat benewens kleiner wysigings ten opsigte van veranderende feite, so te sê onveranderd bly en dit algaande duideliker stel dat estetiese oorwegings by hom voorrang geniet - "van die mooiste Afrikaanse gedigte" word byvoorbeeld stillettig "die mooiste Afrikaanse gedigte" (Ohlhoff, 1995: 42).

Poskaarte vermy inderdaad (volgens Kannemeyer, 1998) doelbewus die benaming "bloemlesing", omdat dit nie in die tradisionele sin van die woord, die "mooiste" verse wil opneem nie. Hiervoor verkwalik hy die samestellers pertinent want "(b)laie van dié verse is só swak dat hulle nooit gepubliseer moes gewees het nie" (Kannemeyer, 1998: 14). Dit is 'n pan-estetiese standpunt wat deur Van Peer (1996: 104) soos volg verwoord word: "Only when literary texts show us values and ideas that transcend the historical situation in which they are embedded, is there any guarantee against the erosion of time".

Die samestellers se uitgangspunt is anders: ons lewe in 'n postmoderne tydsgewrig waarbinne hiërargieë afgebreek word; daarom word hier slegs beelde gegee van ontwikkelings binne die Afrikaanse poësie. As gevolg van hierdie uitgangspunt word verse geplaas volgens verskyningsdatum van die bundels waaruit dit geneem is. Binne my eerder vermelde tipologie staan *Poskaarte* met sy lang inleiding ook nader aan rekonstruksie ("kanonhersiening" noem Lourens, 1998 dit) van die kanon as *Groot Verseboek* wat kanonstabiliserend is.

Met uitsondering van Kannemeyer (1998: 14) is die meerderheid resensente redelik positief oor die keuse van die samestellers. Die meeste kritiek geld die werkswyse self en die verantwoording daarvan in die inleiding. Kannemeyer (1998) en Olivier (1998) is veral skerp krities oor die indelingsprinsipe, omdat daar as gevolg van die verspeide verse oor jare heen byvoorbeeld moeilik 'n "beeld" van 'n digterskap tot stand kan kom - iets wat gewoonlik van die literêre historiese bloemlesing verwag word.

Hagg (1987) se opmerkinge oor verskuiwings in die kanoniserende praktyke in die Suid-Afrikaanse kunstgeskiedenis is hier ter sprake. Pienaar se bloemlesing is hiervolgens 'n voorbeeld van *volksideologiese kanoniserings*, waar byvoorbeeld nasionalistiese ideale die keuses bepaal. Opperman se *Groot Verseboek* skep die indruk dat dit hoort by *objektiwiteit* en *neutraliteit* omdat estetiese oorwegings oorheers. S.A. in poësie / S.A. in Poetry en *Poskaarte* is albei voorbeelde van wat Hagg *kontekstualisering* noem. Die eersgenoemde bloemlesing plaas die klem op 'n sosio-politieke raamwerk; laasgenoemde wil verskeidenheid in 'n bepaalde tydsgewrig ("ná sestig") vooropstel.

Elkeen van hierdie "kanoniserende paradigmas" (Hagg) word bedreig deur gevare: laasgenoemde benadering veral deur willekeurigheid, omdat rekonstruksie van die verlede nie 'n selfverduidelikende sisteem bied nie en dit boonop mag lei tot relativisme en historiese impressionisme (Hagg, 1989: 5).

Kannemeyer (1998) en Grové (1998) se besware staan in verband met periodisering. Hulle wys op die willekeurigheid van die jaar 1960 as aanvangsdatum, omdat dit weinig meer is as 'n gerieflike markeringspunt. Du Plooy (1998) suggereer terselfdertyd dat die indruk wat gewek mag word dat die Afrikaanse poësie sedert sestig postmodernisties is, aanpassing nodig het. Charl-Pierre Naudé (1998) is daarteenoor kategories in sy kritiek: die samestellers het gedigte opgeneem wat volgens hulle toenemend postmodernistiese elemente vertoon, en dit is gewoon nie waar nie; die meerderheid gedigte in *Poskaarte* is eerder modernisties. Van Vuuren (1999) eggo hierdie sentiment in haar poësieperspektief in die tweede deel van *Perspektief en profiel*. 'n Ander kritiek sou kon wees dat "die ideologiese stramien wat in meesternarratiewe tot uiting kom (...) 'n bepalende rol (speel) by die kanonisering van 'nuwe' (...) tekste" (Breytenbach, 1997: 1168). Met ander woorde: *Poskaarte* ondermyn sy eie postmodernistiese standpunt deur alle tekste in die keurslyf van die meesternarratief van ons dag, die postmodernisme, in te pas.

Sentraler ten opsigte van my onderwerp is twee ander kanttekeninge by hierdie versameling naamlik die wyse van seleksie en die basis waarop die samestellers se keuse berus. 'n Bedenking ten opsigte van *Poskaarte* se seleksie betref die feit dat slegs uit gepubliseerde digbundels geselekteer is. Gepubliseerde digbundels het reeds 'n hele keuringsproses deurgaang en gedigte moes inderwaarheid by heelwat hekwagters deurglip: keurders enersyds, maar andersyds ook finansiële en ideologiese hekwagters van die betrokke uitgewery. Publikasies van onafhanklike uitgewerye was in die periode sedert sestig onderworpe aan sensuur en finansiële beperkinge. Soos vroeër vermeld is die werklik vernuwendende literatuur in hierdie periode gepubliseer in "little magazines" (vergelyk ook Snyders, 1999) of dit is voorgedra en in mondelinge vorm bewaar. Hieruit blyk inderwaarheid ook die behoudende aard van *Poskaarte*.

Die samestellers wil deur die uiteenlopende beelde van die Afrikaanse poësie iets weergee van die wye verskeidenheid daarvan. Terseldertyd word daar deur hierdie chronologiese ordening 'n soort ontwikkelingsgang gekonstrueer. Want laat ons eerlik wees: die samestellers kies steeds gedigte; heel terloops word toegegee dat "kriteria soos gehalte, skoonheid en verteenwoordiging (...) steeds 'n rol gespeel het by die seleksie van tekste vir *Poskaarte*" (p.xxv). Hoewel die kriteria dus "demokratieser" en aanvaarbaarder mag wees binne die huidige tydsgewrig (vergelyk veral Esterhuysen, 1998 en Lourens, 1998), is die samestellers steeds besig met kanonisering.

Uit Jansen (1998) se (nie heeltemal korrekte) lysie, blyk dat die belangrikste, "gekanoniseerde" digters (op grond van die aantal gedigte wat opgeneem is in *Poskaarte*), die volgende is: Breytenbach (32); Krog (18); Cussons, Hambidge en De Lange (17); Eybers (15); Stockenström (13); Opperman, Rousseau, Cloete en Hugo (met 12 elk) en Spies en Toerien (10 gedigte elk). As eerder van Opperman se maatstaf gebruik gemaak word en die aantal reëls as kriterium gebruik word, blyk die volgende "rangordening": Breytenbach (1191 r) is in die eerste posisie met De Lange (494 reëls) ver agter. Dan volg agtereenvolgens Hambidge (407 r), Cussons (385 r), Stockenström (379 r), Opperman (366 r), Eybers (343 r), Spies (307 r), Cloete (293 r) en Rousseau (276 r). Ten slotte iets verder agter in die elfde, twaalfde en dertiende posisie staan Hugo (238 r), Van Heerden (232 r) en Toerien (218 r). Sonder om die aantal gepubliseerde bundels en gedigte van die betrokke digters in ag te neem, kan ons aflei dat hierdie "ranglys" die Afrikaanse poësie van na sestig weerspieël.

In die jongste *Perspektief en profiel* word aan elkéén van die eerste tien digters (met die uitsondering van De Lange) inderdaad ook 'n profiel gewy. De Lange, veral figureer prominent in Van Vuuren se perspektief in hierdie publikasie. Hieruit blyk dat daar bykans perfekte ooreenstemming bestaan tussen die keuse van 'n resente bloemlesing en 'n nog resenter literatuurskiedenis. Ek gebruik die voorbeeld nie slegs as apologia vir *Perspektief en profiel* se keuses nie, maar om te toon dat die poësiebeeld wat *Poskaarte* bied, in sy kern behoudend is en inderwaarheid slegs op die periferie beduidend afwyk van die kanon. Daarom word dit na my gevoel 'n genuanseerde representasie van 'n era wat nie net uit "mooi" gedigte bestaan het nie. Omdat "representatieweit" egter deurslaggewend funksioneer as seleksiekriterium, is dit geen voortsetting en opdatering van *Groot*

Verseboek nie en sal lesers wat sterker klem plaas op estetiese oorwegings, bly wag op 'n nuwe uitgawe daarvan.

Die waarde van *Poskaarte* lê veral daarin dat die samestellers 'n klomp gemarginaliseerde digters na die hoofstroom teruggebring het. Boonop het die polemieë na die verskyning daarvan die aandag opnuut gevestig op die kanoniserende aard van bloemlesings. Wat Mzamane (1989: 40) gesê het oor die *Staffrider*-bloemlesing, geld ook mutatis mutandis vir *Poskaarte*: "(A)nthologies are by their very nature, neat academically sanitised packages. Compiling them involves inclusion and exclusion, quirky references, good or bad taste; but you cannot conceivably put in everything (...) the selections might have been different but the effect probably much the same".

Bloemlesingsamestelling (en die skryf van literatuurgeskiedenis) is geen neutrale handeling nie. As kanoniserende optrede is dit in wese ideologies van aard en 'n duidelike openbaarmaking van literatuuropvattinge. Sodoende is dit 'n provokatiewe posisie-inname binne die literêre veld en verg dit naas goeie insig ook veel durf.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse gedigte. Byeënfersameld uit wat in die laaste 30 jaar ferskyn is 1876 - 1906. Verkleinde faksimileherdruk met 'n inleiding deur prof. R.H. Pfeiffer en registers.* 1987 Kaapstad Suid-Afrikaanse Biblioteek.
- Afrikaanse gedigte. Eerste versameling. 'n Faksimileweergawe van die oorspronklike uitgawe.* 1978. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Agitprop. Lyrik, Thesen, Berichte.* s.d. Kollektiewe uitgawe. Hamburg: Uer-Verlag.
- Altieri, Charles. 1990. *Canons and Consequences. Reflections on the Ethical Force of Imaginative Ideals.* Evanston, Illinois: Northwestern University Press.
- Aucamp, Hennie. 1993. Die bloemlesing op skool binne die kader van die letterkundeonderwys. Voorstelle vir 'n vernieuwende benadering. *Klasgids*. 28(3): 41-56.
- Barnard, Riana. 1998. *Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw.* Ongepubliseerde Ph.D-studie. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

- Bender, Hans. 1978. *In diesem lande wir. Deutsche Gedichte der Gegenwart. Eine Anthologie in zehn Kapiteln.* Herausgegeben von Hans Bender. München: Carl Hanser Verlag.
- Benn, Gottfried. 1962. *Lyrik des Expressionistischen Jahrzehnts.* München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Bennett, Paula. 1997. *Nineteenth-Century American Women Poets: An Anthology.* Cambridge: Blackwell Publishers.
- Botha, Elize. 1995. "Kuns is boos!" - die outeur as "Erlkönig". Vyfde D.J. Opperman-gedenklesing 11 Mei 1995. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Breytenbach, A.P.B. 1997. Meesternarratiewe, kontranarratiewe en kanoniserings - 'n Perspektief op sommige profetiese geskrifte. *Hervormde Teologiese Studies* 53(4): 1161 - 1186.
- Breytenbach, Kerneels. 1999. Persoonlike mededeling.
- Conderaerts, Eric. 1984/5. Subjectief, maar zo representatief mogelijk? De literair-historiese poëziebloemlesingen tussen 1970 en 1979 onder het scalpel (1). *Kreatief* 18(1): 3 - 24.
- Conderaerts, Eric. 1985. Ik zie de lezer niet: de poëzie bloemlesingen tussen 1970 en 1979 (1). *Ons Erfdeel* 23: 387 - 397.
- Coullie, Judith Lütge and Gibbon, Trish. 1996. Saints and Sinners in the Canonisation of African Literatures: A Reply to Bernth Lindfors. *Alternation* 3(1): 15 - 21.
- Crous, Marius. 1998. Poësie van nou byeengebring. *Die Burger*. 14 Januarie 1998.
- Davies, Carole Boyce. 1994. *Black Women. Writing and Identity. Migrations of the Subject.* London and New York: Routledge.
- De Jager, J. (samesteller). 1999. *Eeu 20 Apporpeerverse no 1.* Queenswood: Bent Uitgewers.
- De Moor, Wam. 1989. De bloemlezer als didacticus: Kenneth Koch. *Levende Talen* 442: 394 - 406.
- De Vos, Martine L. 1995. Ezra Pounds "gender politics". *Frame. Tijdschrift voor Literatuurwetenschap* 10(2): 19-27.
- Dorleijn, Gillis. 1996. "Daar ginds kent men u door Coster!" Paul van Ostaïen in het Nederlandse literaire veld. In Peeters, Patrick en Spinoy, Erik (reds.). 1996. *Het vrouwbeen van de lezer. Over literatuuropvattingen.* Leuven: Uitgeverij Peeters: 51 -70.

- Du Plooy, Helina. 1998. *Poskaarte -Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960. Literator* 19(1): 111 - 115.
- Enzensberger, H.M. 1964. *Museum der moderner Poesie eingerichtet von Heinz Magnus Enzensberger*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Esterhuysen, Jan. 1998. Vrese vir 'n nuwe taalapartheid. *Boekewêreld*: 4 Maart.
- F.W. Reitz - *Outobiografie toegelig deur prof. J.C. Moll met sy Twee en sesig uitgesogte Afrikaanse gedigte ingelei deur C.J.S.C. Burger*. Kaapstad: Tafelberg. 1978.
- Fokkema, D.W. en Ibsch, Elrud. 1992. *Literatuurwetenskap en kultuuroverdracht*. Muiderberg: Dick Coutinho.
- Fokkema, Douwe. 1997. The Systems-Theoretical Perspective in Literary Studies: Arguments for a Problem-Oriented Approach. *Canadian Review of Comparative Literature*. 24(1): 177-185.
- Foster, Ronel en Viljoen, Louise (samestellers). 1997. *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg / Human en Rousseau.
- Gray, Stephen. 1991. The Politics of Anthologies. *Staffrider* 9(3): 43 - 50.
- Grové, A.P. 1989. *Teoretisering oor die poësie en Opperman se digterskap*. Tweede D.J. Opperman-gedenklesing 19 April 1989. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Grové, A.P. 1997. 'n Skat van poësie in een band saamgebring. *Beeld*: 8 Desember.
- Hagg, G. 1987. Paradigmatiese verskuiwings in die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedskrywing. *S.A. Tydskrif vir Kunsgeskiedenis* 2 (3&4): 1 - 8.
- Hambidge, Joan. 1996. Wat het geword van Groot Verseboek? *Boekewêreld*: 18 September.
- Hambidge, Joan. 1997. *Poskaarte* wil die stilte ná kolos verbreek. *Beeld*: 9 Desember.
- Hambidge, Joan. 1998. Poësiechroniek nommer 10. *Tydskrif vir Letterkunde*. 36(2): 115 - 124.
- Hauptfleisch, Temple. 1996. The (Re)Canonization of South African Theatre: Thoughts on Four Play Collections. *South African Theatre Journal*. 10(1): 115 - 117.
- Heynders, Odile. 1995. De toekomst van poetica-onderzoek: problemen van een reconstructieve-institutionele benadering. *Spectator* 24(1): 3-20.
- Herrnstein Smith, Barbara. 1984. Contingencies of Value. In: Von Halberg, 1984: 5-39.

- Hodge, Robert. 1990. *Literature as Discourse*. Baltimore: John Hopkins University Press.
- Hornblower, Simon and Spawforth, Antony (eds.). 1996. *The Oxford Classical Dictionary*. Oxford / New York: Oxford University Press.
- Hugo, Daniel en Van Heerden, Etienne (samestellers). 1989. *Miskien sal ek die wingerd prys. Ryme en gedigte oor drank*. Kaapstad: Tafelberg.
- Johnson, Randall. 1993. Editor's Introduction. Pierre Bourdieu on Art, Literature and Culture. In Bourdieu, 1993: 1-25.
- Johl, Johann en Preller, Rika (samestellers). 1993. *Bloeytyd. Verse oor kinders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. Kaapstad en Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 1990. *Die dokumente van Dertig*. Kenwyn: Jutalit.
- Kannemeyer, J.C. 1998. Uiteenlopende beelde van poësie sedert 1960. *Rapport*: 11 Januarie.
- Komrij, Gerrit. 1979. *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuwen in duizend en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Lauter, Paul. 1991. *Canons and Contexts*. New York, Oxford: Oxford University Press.
- Le Roux du Toit, André, Hugo, Daniel, Snyders, Peter en Van Heerden, Etienne. 1981. *Brekfis met vier*. Stellenbosch: Skoppensboer.
- Lefevere, André. 1992. *Translation, Rewriting & the Manipulation of Literary Fame*. London: Routledge.
- Lindfors, Bernth. 1996. African Literature Teaching in South African University English Departments. *Alternation* 3(1): 5 - 14.
- Lourens, Amanda. 1998. Resensie: *Poskaarte*. *Skrywers en boeke*. 1 Februarie.
- Marais, Johann Lodewyk en Zuiderent, Ad. (samestellers). 1997. *Ons klein en silwerige planeet. Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing*. Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.
- Maughan-Brown, David. 1989. The Anthology as Reliquary? Ten Years of *Staffrider* and *The Drum Decade*. *Current Writing. Text and Reception in Southern Africa*. 1(1): 3 - 21.
- Moerbeek, J. 1992. Hoe elastisch is de canon? *Spiegel der Letteren* 34: (3/4): 333-357.
- Mooij, J.J.A. 1985. Noodzaak en mogelijkheden van canonvorming. *Spektator*. 15: 23-31.

- Mzamane, Mbulelo Vizikhungo. 1989. An Unhistorical Will into Past Times. *Current Writing. Text and Reception in Southern Africa*. 1(1): 36 - 40.
- Naudé, Charl-Pierre. 1998. PM spanning in die poësie. *Tydskrif vir Letterkunde*. 36(3): 110 - 117.
- Nienaber, P.J. 1951. *My pale in die geskiedenis van die Afrikaanse Taal en Letterkunde*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Noble, J. 1984. *Klaas Gezwind en zijn paert and other Songs and Rijmpjes of South Africa in English and Dutch*. Cape Town: J.C. Juta.
- Ohlhoff, Heinrich. 1995. Kanons en instanties – 'n Afrikaanse perspektief. *Tydskrif vir Letterkunde* 33(2): 39-46.
- Ohlhoff, H. 1999. Perspektief op die Afrikaanse poësie van voor 1900 - 1960. In Van Coller (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik: 21-243.
- Olivier, Fanie (samesteller). 1992 (1986). *Die mooiste Afrikaanse liefdesgedigte*. Kaapstad en Johannesburg: Human en Rousseau.
- Opperman, D.J. 1951. (Negende uitgawe 1983). *Groot Verseboek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Opperman, D.J. 1974. *Naaldekokker*. Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.
- Pace, Barbara. 1992. The Textbook Canon: Genre, Gender, and Race in US Literature Anthologies. *English Journal* 81(5): 33 - 39.
- Peeters, Patrick en Spinoy, Erik. 1996. *Het vrouwbeen van de lezer. Over literatuuropvattingen*. Leuven: Uitgeverij Peeters / Paul van Ostaïen-instituut.
- Pienaar, E.C. 1917. *Dichters uit Zuid-Afrika. Bloemlezing voor Groot Nederland*. Pretoria, Johannesburg en Amsterdam: J.H. de Bussy.
- Pienaar, E.C. 1941. *Digters uit Suid-Afrika. Bloemlezing uit die Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging*. Tiende hersiene en vermeerderde druk. Kaapstad: H.A.U.M. / J. Dusseau & Co; Pretoria: J.H. de Bussy.
- Pienaar, E.C. 1947. *Digters uit Suid-Afrika. Bloemlezing uit die Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging*. Veertiende druk. Kaapstad: H.A.U.M.; Pretoria: J.H. de Bussy.
- Pinthus, Kurt. 1969 (1920). *Menscheitsdämmerung. Ein Dokument des Expressionismus*. Berlin: Ernst Rowolt.
- Piontek, Heinz. 1972. *Deutsche Gedichte seit 1960. Eine Anthologie*. Stuttgart: Philipp Reclam jun.
- Reitz, F.W. 1888. *Vijftig uitgesogte + Afrikaanse gedigte (met prentjes)*. Kaapstad: "Argus" Drukkers en Uitgevers Maatschappij Bpk.

- Rühmkorf, Peter. 1976. *Expressionistische Gedichte. Herausgegeben von Peter Rühmkorf*. Berlin: Verlag Klaus Wagenbach.
- Ruiter, Frans en Smulders, Wilbert. 1992. De demobilisatie van de moderne schrijver. Waarom de naoorlogse "Grote drie" niet opgevolgd zullen worden. *Maatstaf* 40(4): 1 - 26.
- Spies, Lina (samesteller). 1999. *Sy sien webbe roer. 'n Keuse uit die werk van Afrikaanse digteresse*. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human en Rousseau.
- Steyn, J.C. 1998a. *N.P. van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal (deel 1)*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1998b. *N.P. van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal (deel 2)*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Coller, H.P. 1994. *N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder*. Ongepubliseerde N.P. van Wyk Louwgedenklesing, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis (deel 2)*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Van den Akker, Wiljan en Dorleijn, Gillis. 1996. Over de geschiedschrijving van de moderne Nederlandse poëzie. Problemen, getallen en suggesties. *Nederlandse Letterkunde* 1(1): 2 - 29.
- Van Gorp, H. (red.). 1991. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: Wolters.
- Van Peer, Willie. 1996. Canon Formation: Ideology or Aesthetic Quality? *The British Journal of Aesthetics* 36(2): 97 - 108.
- Van Wyk, J. Conradie, P. en Constandaras, N. 1998. *S.A. in poësie / S.A. in Poetry*. Pinetown: Owen Burgess.
- Van Rees, C.J. 1985. Consensusvorming in de literatuurkritiek. In Verdaasdonk, 1985: 59-85.
- Van Rees, C.J. en Dorleijn, G.J. 1994. Literatuuropvattingen in het literaire veld: over de integratie van twee benaderingen. *Spektator* 23: 91-114.
- Verdaasdonk, H. (red.). 1985. *De regels van de smaak*. Amsterdam: Joost Nijsen.
- Visser, Nick. 1989. A skelm no longer. *Die Suid-Afrikaan* 21: 42 - 45.
- Von Halberg, Robert (ed.) 1984. *Canons*. Chicago and London: The University of Chicago Press.
- Whitemore, Reed. 1997. Poets and Anthologists: A Look at Current Poet-Packaging Processes. *Studies in the Literary Imagination* 30(1): 9 - 21.
- Willemse, Hein. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In Van Coller, 1999: 3 - 20.

Wright, Julia. 1996. "The Order of Time". Nationalism and Literary Anthologies, 1774 - 1831. *Papers on Language and Literature*. 33(4): 339 - 366.

Zuiderent, Ad. 1990. Wat bedoelt de bloemlezer? *Voortgang, Jaarboek voor de Neerlandistiek* 11: 23 - 40.